# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 26 Maart 2023

### 09:30 OGGENDEREDIENS:

Nagraadse student Barend vd Westhuizen

**Tema:** God se koninkrykskinders sal God ag vir Wie Hy is en sal hulself gering ag.

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 163:1

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 34-1: 2 en 5 (tweede melodie); Votum; Seën; Loflied: Sb 1-1: 1, 2 en 3; Geloofsbelydenis: Ons bely saam ons geloof uit die Belydenis van Nicea

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Galasiërs 5: 13-26 (2020 Vertaling); Sing as antwoord op die wet: Sb 14-1: 3; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Mattheus 18: 1-5 (2020 Vertaling)
Teksverse: Mattheus 18: 3 en 4
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe by die deure; Slotsang: Ps 138-1: 1 en 3; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

### MEELEWING

- Br Corrie du Plessis het Maandagaand na ons hemelse Vaderhuis vertrek. Ons bid vir Corrie, haar seun Henry en hulle familie die troos van die Here toe. Die begrafnis vind Woensdag plaas. Die ter aarde bestelling om 10:00 by die begrafplaas en die troosdiens om 11:00 in die kerkgebou.
- Johan Coetzee (Elsa) se broer is Vrydagoggend oorlede - ons bid vir hulle familie in hierdie hartseer tyd.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

### ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## DIE VOLGENDE LIDMATE WORD TER APPROBASIE VOORGEHOU VIR DIENSWERK IN DIE AMPTE:

**Ouderlinge:** Wikus van Niekerk, Johan v Rooyen, Gerrit J v Rensburg en Martin Bester.
**Diaken:** Divan Greyling.

## LOSMAKING UIT DIE DIENS VAN DIAKEN

Die kerkraad verleen losmaking aan Zak van Heerden uit die diens van diaken. Baie dankie vir jou dienswerk wat jy vir die Here en sy gemeente gedoen het.

## BAIE GELUK

HA du Plessis en Surina Scholtz het die afgelope week in die huwelik getree. Baie geluk aan julle twee en ons deel ook in die vreugde van beide se ouers en familie wat ook hier in ons gemeente is.



## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Groepbediening

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir Christelike onderwys (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 6 en 7.

## BELYDENISKLASKAMP

Ons is baie dankbaar vir die Here se seën op ons afgelope belydeniskamp. Die 9 katkisante kon saam met ds Piet en Barend van der Westhuizen met die Bybel in die hand baie aktuele en noodsaaklike geloofsonderwerpe bespreek en vrae antwoord. Barend kon ook prakties aan die katkisante wys hoe om “satan” te beveg met die onverwagse besoek van ‘n slang Sondagaand en hoe hy met ‘n mopstok met die slang en die stok afgereken het.

Baie dankie aan Rieëtte wat die leiding geneem het om ons almal se mae vol te hou met die hulp van en bydraes deur ouers! Die kuier en gesprek saam met al die ouers rondom Sondagmiddagete was ‘n baie besondere ervaring. Dankie vir elke ouerpaar se ondersteuning.

Die belydenisklas word DV Donderdag, 13 April deur die kerkraad ondervra en lê DV op Sondag 16 April belydenis van hulle geloof af.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 26 Maart**
Br Kruger Breed
Br Jaco Viljoen

**Dinsdag, 28 Maart**
Sr Marthie Schutte *
Sr Lumè Traut

**Woensdag, 29 Maart**
Sr Marthie Andersen
Br Daniel Bloem

**Donderdag, 30 Maart**
Br Thys Botha
Sr Sonja Olivier
Jsr Nicolize Venter

**Vrydag, 31 Maart**
Br Eddie Coetsee
Sr Bettie Niemand *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## BAIE DANKIE…

Weens Estette se omstandighede, kon ons reeds die afgelope drie jaar nie meer fisies eredienste en gemeentelike aktiwiteite bywoon nie. Nogtans was ons bevoorreg om steeds tuis deur middel van die beeldsendings aan die Woordverkondiging deel te hê. Baie dankie aan die Kerkraad en Klank- en beeldspan vir hierdie fasiliteit, asook vir ons medelidmate se begrip en ondersteuning.

Op mediese advies, moes ons nou die groot stap neem om af te skaal en na woonstel 17 in Groenwilgers Aftree-oord verhuis, waar mediese hulp deurlopend beskikbaar is, soos nodig.
Ons bly egter steeds Oosdoppers, met betrokkenheid, soos moontlik. Baie dankie ook aan ds. Piet, ds. Pieter en ouderling Johan Rousseau vir jul besoeke en ondersteuning. Julle en al ons vriende is steeds welkom by ons nuwe tuiste langs die Mooirvier!

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader vir sy genade, leiding en sorg…

Seënwense,
Pieter en Estette Bredenkamp

## GKSA-NUUS

Beroep aanvaar
Proponent N (Nardus) Buys na GK Bothaville.
Beroep bedank
Ds AJ (Andries) Burger van GK Pinetown na GK Empangeni.

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

<u>Ds. Piet</u>: 018 290 5635 / 082 779 1237
<u>Hulpdiens</u>: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
<u>Kerkkantoor</u>: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
<u>Koster</u>: Dawie v Zyl – 082 774 7936

## BANKBESONDERHEDE

<u>Geref. Kerk Potchefstroom-Oos</u>
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

<u>Diakonie</u>
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

<u>Susters</u>
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

## BELANGRIKE NUUS!

Ter wille van die langnaweek en skoolvakansie, sal daar DV 16 April eers weer ‘n kinderblad wees!

## <u>BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!</u>





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 9, Chanelle v As en groep 18, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.